

Vergifnis

Dit is die tweede keer dat Josef se broers na Egipte kom om daar koring te gaan koop. Hierdie keer is Benjamin, hulle jongste broer, by. Wat het Josef se broers hom nie alles in sy lewe aangedoen nie? Eers wou hulle hom doodmaak. Nakend het hulle hom toe in 'n put gegooi en daarna verkoop aan Ismaelitiese handelaars wat op pad na Egipte was. In hulle eie woorde beleef ons iets van wat hulle Josef aangedoen het as hulle in Genesis 42:21 van hom sê: “Ons het sy angs gesien toe hy ons om genade gesmeek het, maar ons het nie geluister nie.” Sy broers was sy vyande, hulle het hom gehaat en was jaloers op hom. Hoe sou Josef teenoor hulle optree?

In hierdie hele geskiedenis van Josef en sy broers is dit een van die opvallendste dinge dat Josef nie wraak neem op sy broers nie. Hy bewys goedheid en liefde aan hulle wat hom soos vyande behandel het. Josef is nie verbitterd teenoor hulle nie. Hy doen in die praktyk wat Jesus veel later sou beveel (Matt 5:44): “Julle moet julle vyande liefhê ...”

In ons lewens is daar dikwels mense wat verkeerd teenoor ons optree en selfs vyandig teenoor ons is. Hoe dink jy vandag op hierdie oomblik aan hulle? Dit is dalk ook jou broer, suster of 'n ander familielid wat verkeerd was teenoor jou. Is daar nog bitterheid in jou hart teenoor hulle of kan jy al waarlik in liefde teenoor hulle goed doen?

Mag God jou vandag deur sy Gees lei om hulle wat jou onreg aangedoen het, opreg te vergewe, sodat jy bevry kan word van hierdie donker las wat jy in jou hart saamdra.

Sing: Skrifberyming 10-2

Ds. Wicus van der Vyver (Silverton)